OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

30c — Friday 4 December 1981 — WINDHOEK — Vrydag 4 Desember 1981 — No. 4558

CONTENTS:

Page

AG. GOVERNMENT NOTICES:

No. AG. 155 Regulations made under the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958): Decorations and Medals — 1

No. AG. 156 Institution of Decorations and Medals for the South West African Police — 9

INHOUD:

Bladsy

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

No. AG. 155 Regulasies uitgevaardig kragtens die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958): Dekorasies en Medaljes — 1

No. AG. 156 Instelling van Dekorasies en Medaljes vir die Suidwes-Afrikaanse Polisie — 9

Government Notices

DEPARTMENT OF POLICE

No. AG. 155 1981

REGULATIONS MADE UNDER THE POLICE ACT, 1958 (ACT 7 OF 1958); DECORATIONS AND MEDALS

The Council of Ministers has, under section 33 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), made the regulations set out in the Schedule.

SCHEDULE

Design of decorations and medals, and ribbons, bars and clasps in connection therewith

1. The decorations and medals, and the ribbons, bars and clasps in connection therewith, shall be in the form set out in the Annexure.

Award of decorations and medals, and ribbons in connection therewith.

2. (1) The decorations and medals, and the ribbons in connection therewith, which have been instituted under the Police Act, 1958, shall be awarded by the Administrator-General on the recommendation of the

Goewermentskennisgewings

DEPARTEMENT VAN POLISIE

No. AG. 155 1981

REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE POLISIEWET, 1958 (WET 7 VAN 1958): DEKORASIES EN MEDALJES

Die Ministersraad het kragtens artikel 33 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

Ontwerp van dekorasies en medaljes, en linte, balke en gespes in verband daarmee

1. Die dekorasies en medaljes, en die linte, balke en gespes in verband daarmee, is in die vorm in die Aanhangsel uiteengesit.

Toekenning van dekorasies en medaljes, en linte in verband daarmee

2. (1) Die dekorasies en medaljes, en die linte in verband daarmee wat kragtens die Polisiewet, 1958, ingestel is, word deur die Administrateur-generaal op aanbeveling van die Kommissaris van die Suidwes-

Commissioner of the South West African Police (hereinafter referred to as the Commissioner), and may, subject to the provisions of regulation 10, be so declared forfeited.

(2) The Administrator-General may award to any person who is or has been a member of the South West African Police (hereinafter referred to as the Force) —

(a) the "South West African Police Star for Outstanding Service" if any such person in his opinion —

(i) has, in the performance of his functions or in his capacity as such a member, and while he acted in the protection or rescue of property or lives or attempted to do so, displayed particular bravery or exceptional ingenuity, skill or perseverance; or

(ii) has distinguished himself as such a member in that he displayed exceptional resourcefulness, leadership or sense of responsibility and personal example in any division or branch of the Force;

(b) the "South West African Police Star for Distinguished Service" if any such person in his opinion —

(i) has, in the performance of his functions, performed services of a particular meritorious or exemplary nature; or

(ii) has displayed an irreproachable character and exemplary conduct for a period of service of not less than thirty years, which need not necessarily be continuous, as a member of the Force or, in the case of such a member who was a member of the South African Police before his appointment, for a period of service which together with a period of service as member of the South African Police amounts to at least thirty years;

(c) the "South West African Police Star for Faithful Service" if any such person in his opinion has displayed an irreproachable character and exemplary conduct for a period of service of not less than twenty years, which need not necessarily be continuous, as a member of the Force or, in the case of such a member who was a member of the South African Police before his appointment, for a period of service which together with a period of service as member of the South African Police amounts to at least twenty years;

Afrikaanse Polisie (hieronder die Kommissaris genoem) toegeken, en kan, behoudens die bepalings van regulasie 10, aldus verbeurd verklaar word.

(2) Die Administrateur-generaal kan aan iemand wat 'n lid van die Suidwes-Afrikaanse Polisie (hieronder die Mag genoem) is of was —

(a) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens" toeken indien so iemand na sy oordeel —

(i) by die verrigting van sy werksaamhede of in sy hoedanigheid as so 'n lid terwyl hy opgetree het ter beskerming of redding van eiendom of lewens of gepoog het om dit te doen, besondere dapperheid of buitengewone vernuf, vaardigheid of deursettingsvermoë aan die dag gelê het; of

(ii) hom as so 'n lid onderskei het deurdat hy buitengewone vindingrykheid, leierskap of pligsbesef en persoonlike voorbeeld in enige afdeling of vertakking van die Mag aan die dag gelê het;

(b) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens" toeken indien so iemand na sy oordeel —

(i) by die verrigting van sy werksaamhede, dienste van 'n besondere verdienstelike of voorbeeldige aard verrig het; of

(ii) vir 'n tydperk van minstens dertig jaar diens, wat nie noodwendig aaneenlopend hoef te wees nie, as 'n lid van die Mag of, in die geval van so 'n lid wat voor sy aanstelling 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie was, vir 'n tydperk van diens wat saam met 'n tydperk van diens as lid van die Suid-Afrikaanse Polisie minstens dertig jaar beloop, 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het;

(c) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens" toeken indien so iemand na sy oordeel vir 'n tydperk van minstens twintig jaar diens, wat nie noodwendig aaneenlopend hoef te wees nie, as 'n lid van die Mag of, in die geval van so 'n lid wat voor sy aanstelling 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie was, vir 'n tydperk van diens wat saam met 'n tydperk van diens as lid van die Suid-Afrikaanse Polisie minstens twintig jaar beloop, 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het;

(d) the "South West African Police Medal for Faithful Service" if any such person in his opinion has displayed an irreproachable character and exemplary conduct for a period of service of not less than ten years, which need not necessarily be continuous, as a member of the Force or, in the case of such a member who was a member of the South African Police before his appointment, for a period of service which together with a period of service as member of the South African Police amounts to at least ten years;

(e) the "Medal for Establishment of the South West African Police" if any such person has served in the Force on the first day of April 1981.

Award of bars in connection with decorations and medals

3. (1) The bars which have been instituted under the Police Act, 1958, shall be awarded by the Administrator-General on the recommendation of the Commissioner, and may, subject to the provisions of regulation 10, be so declared forfeited.

(2) A bar may be awarded to any person who is or has been a member of the Force and to whom —

(a) the "South West African Police Star for Outstanding Service" has been awarded and who subsequent to such award and while still serving as a member of the Force, has again in the opinion of the Administrator-General, distinguished himself in a manner referred to in regulation 2(2)(a);

(b) the "South West African Police Star for Distinguished Service" has been awarded and who subsequent to such award and while still serving as a member of the Force, has again in the opinion of the Administrator-General, distinguished himself in a manner referred to in regulation 2(2)(b)(i); or

(c) the "South West African Police Star for Faithful Service" has been awarded and who subsequent to such award and while still serving as a member of the Force, has again distinguished himself in that he displayed in the opinion of the Administrator-General, and irreproachable character and exemplary conduct for a further period of twenty years, which need not necessarily be continuous.

(3) In respect of every additional distinction referred to in paragraphs (a) and (b) of subregulation (2) an additional bar may so be awarded.

(d) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens" toeken indien so iemand na sy oordeel vir 'n tydperk van minstens tien jaar diens, wat nie noodwendig aaneenlopend hoef te wees nie, as 'n lid van die Mag of, in die geval van so 'n lid wat voor sy aanstelling 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie was, vir 'n tydperk van diens wat saam met 'n tydperk van diens as lid van die Suid-Afrikaanse Polisie minstens tien jaar beloop, 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het;

(e) die "Medalje vir die Instelling van die Suidwes-Afrikaanse Polisie" toeken indien so iemand op die eerste dag van April 1981 in die Mag gedien het.

Toekenning van balke in verband met dekorasies en medaljes

3. (1) Die balke wat kragtens die Polisiewet, 1958, ingestel is, word deur die Administrateur-generaal op aanbeveling van die Kommissaris toegeken, en kan, behoudens die bepalings van regulasie 10, aldus verbeurd verklaar word.

(2) 'n Balk kan toegeken word aan iemand wat 'n lid van die Mag is of was en aan wie —

(a) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens" toegeken is en wat na sodanige toekenning en terwyl hy nog as lid van die Mag gedien het, hom na die oordeel van die Administrateur-generaal weer onderskei het op 'n wyse soos in regulasie 2(2)(a) bedoel;

(b) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens" toegeken is en wat na sodanige toekenning en terwyl hy nog as lid van die Mag gedien het, hom na die oordeel van die Administrateur-generaal weer onderskei het op 'n wyse soos in regulasie 2(2)(b)(i) bedoel; of

(c) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens" toegeken is en wat na sodanige toekenning en terwyl hy nog as lid van die Mag gedien het, hom weer onderskei het deurdat hy vir 'n verdere tydperk van twintig jaar, wat nie noodwendig aaneenlopend hoef te wees nie, na die oordeel van die Administrateur-generaal 'n onbesproke karakter en voorbeeldige gedrag aan die dag gelê het.

(3) Ten opsigte van elke addisionele onderskeiding bedoel in paragrawe (a) en (b) van subregulasie (2) kan 'n addisionele balk aldus toegeken word.

Award of decorations, medals and bars posthumously

4. All the decorations and medals referred to in regulation 2, as well as the bars referred to in regulation 3 may be awarded posthumously.

Issue of clasps

5. Together with each bar which is awarded under regulation 3, a clasp relating thereto shall be issued.

Certificate of award

6. A certificate of award in the form determined by the Administrator-General and signed by the Administrator-General, shall be issued in respect of every decoration, medal or bar which is awarded.

Presentation of decorations, medals and bars

7. A decoration, medal or bar and a certificate of award in respect thereof, shall, unless the Commissioner directs otherwise, be presented —

(a) to the person to whom it has been awarded or, in the case of a posthumous award, to a next-of-kin, other relative or legal heir of such a person designated by the Commissioner; and

(b) on parade or at a special gathering convened by the Commissioner or a person acting under his authority.

Publication in relation to award of decorations, medals and bars and keeping of registers in connection therewith

8. The name of the person to whom a decoration, medal or bar has been awarded, shall be published in the South West African Police Force Orders and shall, together with such particulars as the Commissioner may deem expedient, be recorded in a register kept in his office.

Use of decorations, medals, bars, clasps and ribbons

9. (1) The order of precedence of the decorations and medals instituted under the Police Act, 1958, shall be as follows:-

(a) The "South West African Police Star for Outstanding Service";

(b) The "South West African Police Star for Distinguished Service";

Toekenning van dekorasies, medaljes en balke na die dood

4. Al die dekorasies en medaljes bedoel in regulasie 2, asook die balke bedoel in regulasie 3 kan *postuum* toegeken word.

Uitreiking van gespes

5. Saam met elke balk wat kragtens regulasie 3 toegeken word, word 'n gespe wat daarop betrekking het, uitgereik.

Toekenningsertifikaat

6. 'n Toekenningsertifikaat in die vorm deur die Administrateur-generaal bepaal en deur die Administrateur-generaal onderteken, word uitgereik ten opsigte van elke dekorasie, medalje of balk wat toegeken word.

Oorhandiging van dekorasies, medaljes en balke

7. 'n Dekorasie, medalje of balk en 'n toekenningsertifikaat ten opsigte daarvan moet, tensy die Kommissaris anders gelas, oorhandig word —

(a) aan die persoon aan wie dit toegeken is of, in die geval van postume toekenning, aan 'n naasbestaande, ander bloedverwant of wettige erfgenaam van so 'n persoon deur die Kommissaris aangewys; en

(b) op 'n parade of by spesiale byeenkoms wat deur die Kommissaris of iemand wat op sy gesag handel, belê is.

Afkondiging met betrekking tot toekenning van dekorasies, medaljes en balke en hou van registers in verband daarmee

8. Die naam van die persoon aan wie 'n dekorasie, medalje of balk toegeken is, word in die Suidwes-Afrikaanse Polisiemagsorders afgekondig en moet tesame met dié besonderhede wat die Kommissaris dienstig ag, in 'n register gehou in sy kantoor opgeteken word.

Gebruik van dekorasies, medaljes, balke, gespes en linte

9. (1) Die volgorde van voorrang van die dekorasies en medaljes wat kragtens die Polisiewet, 1958, ingestel is, is soos volg:

(a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens";

(b) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens";

(c) The "South West African Police Star for Faithful Service";

(d) The "South West African Police Medal for Faithful Service"; and

(e) The "Medal for the Establishment of the South West African Police".

(2) The award of the afore-mentioned decorations and medals, as well as the bars referred to in regulation 3, shall not entitle the recipient to any individual precedence, but shall entitle the recipient of —

(a) the "South West African Police Star for Outstanding Service" to add the letters "S.O.E.", an abbreviation of *"Stella Officii Egrigii,* after his name; and

(b) the "South West African Police Star for Distinguished Service", if the decoration has been awarded to him under the provisions of regulation 2(2)(b)(i), to add the letters "S.O.O.", an abbreviation of *"Stella Officii Optimi"*, after his name.

(3) The decorations, medals, bars, clasps and ribbons instituted under the Police Act, 1958, shall be used as follows:-

(a) The "South West African Police Star for Outstanding Service" shall be worn around the neck by the ribbon from which it is suspended and a bar which has been awarded in respect thereof, shall be affixed to such ribbon;

(b) the "South West African Police Star for Distinguished Service", the "South West African Police Star for Faithful Service", the "South West African Police Medal for Faithful Service" and the "Medal for the Establishment of the South West African Police", shall be worn on the left breast and a bar which has been awarded in respect of the "South West African Police Star for Distinguished Service" and the "South West African Police Star for Faithful Service", shall be affixed to the ribbon from which such decoration or medal is suspended.

(4) When the decorations or medals mentioned in subregulation (3) are not worn, only the ribbon relating thereto shall be worn, and in such case the clasp issued with the bar, shall be affixed to the ribbon as an indication of the award of such bar.

(5) The occasions at which and the circumstances under which decorations, medals and bars, as well as miniature reproductions thereof, may be worn, shall be published from time to time in the South West African Police Force Orders.

(c) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens";

(d) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens"; en

(e) die "Medalje vir die Instelling van die Suidwes-Afrikaanse Polisie".

(2) Die toekenning van voornoemde dekorasies en medaljes, asook die balke bedoel in regulasie 3, verleen nie aan die ontvanger enige persoonlike voorrang nie, maar verleen aan die ontvanger van —

(a) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens" die reg om die letters "S.O.E.", 'n verkorting van "Stella Officii Egregii", agter sy naam by te voeg; en

(b) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens", indien die dekorasie kragtens die bepalings van regulasie 2(2)(b)(i) aan hom toegeken is, die reg om die letters "S.O.O.", 'n verkorting van *"Stella Officii Optimi"*, agter sy naam by te voeg.

(3) Die dekorasies, medaljes, balke, gespes en linte wat kragtens die Polisiewet, 1958, ingestel is, word soos volg gebruik:-

(a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens" word met die lint waaraan dit hang om die hals gedra en 'n balk wat ten opsigte daarvan toegeken is, word aan sodanige lint geheg;

(b) die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens", die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens", die "Suidwes-Afrikaanse Polisiemedalje vir troue diens" en die "Medalje vir die Instelling van die Suidwes-Afrikaanse Polisie" word op die linkerbors gedra en 'n balk wat ten opsigte van die Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens" en die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens" toegeken is, word geheg aan die lint waaraan sodanige dekorasie of medalje hang.

(4) Wanneer die dekorasies of medaljes in subregulasie (2) vermeld, nie gedra word nie, word slegs die lint gedra wat daarop betrekking het, en in so 'n geval word die gespe wat saam met die balk uitgereik word, aan die lint geheg as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

(5) Die geleenthede waarby en die omstandighede waaronder dekorasies, medaljes en balke, asook miniatuurreproduksies daarvan gedra kan word, word van tyd tot tyd in die Suidwes-Afrikaanse Polisiemagsorders afgekondig.

(6) Except in the case of a posthumous award, the Commissioner may require any person to whom the decoration, medal or bar has been awarded, to give an undertaking that he will not, at any time, give away, throw away, sell, pledge, barter or in any way other than by bequest, alienate such decoration, medal, bar, clasp or certificate of award in respect thereof.

Forfeiture of decoration or medal

10. (1) A decoration or medal may be declared forfeited if the person to whom it has been awarded —

(a) deserts from the Force or is dismissed or discharged therefrom on account of misconduct; or

(b) is found guilty of treason, *crimen laesae majestatis,* sedition or any other offence, either in terms of the common law or any statute, calculated to endanger the safety of the territory of South West Africa; or

(c) is found guilty of any other offence which in the opinion of the Administrator-General is of a dishonest or disgraceful nature.

(2) The forfeiture of a decoration or medal in terms of subregulation (1) shall have the effect that any bar or clasp in respect thereof, as well as the certificate of award, is also forfeited.

(3) A decoration or medal, as well as any bar, clasp and certificate of award in respect thereof, shall, upon forfeiture, forthwith be returned to the Commissioner.

(4) The provisions of regulation 8 shall *mutatis mutandis* apply in respect of the forfeiture and restoration of a decoration, medal or bar.

Restoration of forfeited decoration, medal or bar

11. A decoration, medal or bar which has been declared forfeited under regulation 10, may be restored by the Administrator-General on the recommendation of the Commissioner.

Theft, loss, destruction of, or damage to, decorations, medals, bars, clasps and certificates of award

12. (1) The theft, loss, destruction of, or damage to, a decoration, medal, bar, clasp or certificate of award, shall forthwith be reported to the Commissioner.

(2) The Commissioner may authorise that a decoration, medal, bar or clasp, as well as the ribbon in respect thereof, which has been stolen, lost, destroyed or irreparably damaged be replaced at the expense of the recipient: Provided that such replacement may be

(6) Behalwe in die geval van 'n *postume*-toekenning, kan die Kommissaris van iemand aan wie die dekorasie, medalje of balk toegeken is, vereis om hom te verbind dat hy nie te eniger tyd sodanige dekorasie, medalje, balk, gespe of toekenningsertifikaat ten opsigte daarvan sal weggee, weggooi, verkoop, verpand, verruil of op enige ander manier as deur bemaking sal vervreem nie.

Verbeuring van dekorasie of medalje

10. (1) 'n Dekorasie of medalje kan verbeurd verklaar word indien die persoon aan wie dit toegeken is —

(a) uit die Mag dros of weens wangedrag daaruit ontslaan of afgedank word; of

(b) skuldig bevind word aan hoogverraad, *crimen laesae majestatis,* oproer of enige ander misdryf, hetsy ingevolge die gemenereg of 'n statuut, wat bereken is om die veiligheid van die gebied Suidwes-Afrika in gevaar te stel; of

(c) skuldig bevind word aan enige ander misdryf wat na die oordeel van die Administrateur-generaal van 'n oneerlike of skandelike aard is.

(2) Die verbeurdverklaring van 'n dekorasie of medalje ingevolge subregulasie (1), het die uitwerking dat 'n balk of gespe ten opsigte daarvan, asook die toekenningsertifikaat, ook verbeur word.

(3) 'n Dekorasie of medalje, asook enige balk, gespe en toekenningsertifikaat ten opsigte daarvan, moet by verbeurdverklaring, onverwyld aan die Kommissaris terugbesorg word.

(4) Die bepalings van regulasie 8 is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van die verbeurdverklaring en herstel van 'n dekorasie, medalje of balk.

Herstel van verbeurde dekorasie, medalje of balk

11. 'n Dekorasie, medalje of balk wat kragtens regulasie 10 verbeurd verklaar is, kan deur die Administrateur-generaal op aanbeveling van die Kommissaris herstel word.

Diefstal, verlies, vernietiging of beskadiging van dekorasies, medaljes, balke, gespes en toekenningsertifikate

12. (1) Die diefstal, verlies, vernietiging of beskadiging van 'n dekorasie, medalje, balk, gespe of toekenningsertifikaat moet onverwyld aan die Kommissaris gerapporteer word.

(2) Die Kommissaris kan magtiging verleen dat 'n dekorasie, medalje, balk of gespe, asook die lint ten opsigte daarvan, wat gesteel, verloor, vernietig of onherstelbaar beskadig is, op koste van die ontvanger vervang word: Met dien verstande dat magtiging verleen

authorised at the expense of the State if the Commissioner, after due investigation, is satisfied on sworn information that such theft, loss, destruction or damage has not been due to the negligence or carelessness of the recipient.

Reproductions in miniature of decorations and medals

13. (1) A reproduction of the decoration or medal provided for in these regulations, in miniature, half the size of the decoration or medal concerned, may be worn at occasions published in the South West African Police Force Orders.

(2) A miniature reproduction of a decoration, medal, bar or clasp shall be issued only at the expense of the recipient concerned.

ANNEXURE

DESIGN OF DECORATIONS AND MEDALS, AND RIBBONS, BARS AND CLASPS IN CONNECTION THEREWITH

A. DECORATIONS AND RIBBONS, BARS AND CLAPS IN CONNECTION THEREWITH

1. (a) The "South West African Police Star for Outstanding Service" shall be in the shape of a Maltese cross in red enamel, defined with a gilded edge. The centre of the cross shall be decorated with an image in relief, of the "Franke Fort" on a circular gilded background. This design encircled with a wreath of gilded *aloe dechotoma* leaves shall be mounted on the cross. The size of the cross shall be such as to permit the points of the star to be enclosed by a circle with a diameter of 40 millimetres. The reverse shall bear, in relief, the design of the official badge of the South West African Police with the words *"STELLA OFFICII EGREGII"*, as circumscription.

(b) The decoration shall be suspended from a silk ribbon divided in vertical stripes of white, red, gold, red, white, in that sequence and 4, 12, 4, 12 and 4 millimetres, respectively, wide. The silk ribbon shall be attached to the decoration by means of a gilded chain link.

(c) The bar shall be gilded, 36 millimetre long and 6,25 millimetres wide, embossed in the centre with a four-pointed star.

(d) The clasp shall be gilded and in the shape of a four-pointed star.

2. (a) The "South West African Police Star for Distinguished Service" shall consist of a circular gilded decoration with a diameter of 37,5

kan word vir sodanige vervanging op Staatskoste indien die Kommissaris, na behoorlike ondersoek, op grond van beëdigde inligting daarvan oortuig is dat sodanige diefstal, verlies, vernietiging of beskadiging nie aan die ontvanger se nalatigheid of agtelosigheid te wyte is nie.

Reproduksies in miniatuur van dekorasies en medaljes

13. (1) 'n Reproduksie van 'n dekorasie of medalje waarvoor in hierdie regulasies voorsiening gemaak word, in miniatuur, die helfte so groot as die betrokke dekorasie of medalje, kan by geleenthede in die Suidwes-Afrikaanse Polisiemagsorders afgekondig, gedra word.

(2) 'n Miniatuurreproduksie van 'n dekorasie, medalje, balk of gespe word slegs op koste van die betrokke ontvanger uitgereik.

AANHANGSEL

ONTWERP VAN DEKORASIES EN MEDALJES, EN LINTE, BALKE EN GESPES IN VERBAND DAARMEE

A. DEKORASIES EN LINTE, BALKE EN GESPES IN VERBAND DAARMEE

1. (a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens" is in die vorm van 'n Maltese kruis van rooi emalje omlyn met 'n vergulde rand. Die kern van die kruis word versier deur 'n beeld in reliëf van die "Franke Fort" op 'n sirkelvormige vergulde agtergrond. Hierdie ontwerp omsirkel deur 'n krans van vergulde kokerboomblare is op die kruis gemonteer. Die grootte van die kruis is sodanig dat die sterpunte deur 'n sirkel met 'n deursnee van 40 millimeter omsluit kan word. Op die keersy verskyn, in reliëf, die ontwerp van die amptelike kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie met die woorde *"STELLA OFFICII EGRIGII"*, as omskrif.

(b) Die dekorasie hang aan 'n sylint verdeel in vertikale strepe van wit, rooi, goud, rooi, wit in daardie volgorde en, onderskeidelik, 4, 12, 4, 12 en 4 millimeter breed. Die sylint is aan die dekorasie geheg deur 'n vergulde kettingskakel.

(c) Die balk is verguld, 36 millimeter lank en 6,25 millimeter breed, met in die middel daarvan 'n vierpuntige ster gebosseleer.

(d) Die gespe is verguld en in die vorm van 'n vierpuntige ster.

2. (a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens bestaan uit 'n sirkelvormige, vergulde dekorasie met 'n deursnee van 37,5

millimetres. Within the circle shall appear a twenty-two pointed star, gilded and set in blue enamel. The obverse side shall be decorated with a relief design of the "Ouden Bogenfels" encircled by a wreath of *aloe dichotoma* leaves. The reverse shall bear, in relief, the design of the official badge of the South West African Police with the words *"STELLA OFFICII OPTIMI"*, as circumscription.

(b) The decoration shall be suspended from a silk ribbon divided in vertical stripes of blue, white, blue, gold, blue, white, blue, in that sequence and 6.5, 4, 6.5, 2, 6.5, 4 and 6.5 millimetres, respectively, wide. The silk ribbon shall be attached to the decoration by means of a gilded chain link.

(c) The bar shall be gilded, 36 millimetres long and 6,25 millimetres wide, embossed in the centre with a twenty-two pointed star.

(4) The clasp shall be gilded and in the shape of a twenty-two pointed star.

3. On the reverse of the afore-mentioned decorations and bars in connection therewith shall be stamped the Force number, rank and name of the person to whom it has been awarded.

B. MEDALS AND RIBBONS, BARS AND CLASPS IN CONNECTION THEREWITH

1. (a) The "South West African Police Star for Faithful Service" shall be silvered and defined by a stylised Welwitschia.

The inside of the medal shall bear, in relief, a Welwitschia in the foreground against a background of sand dunes bordered by sunbeams, diagonally cut to meet the sand dunes in the background. The medal shall be 37,5 millimetres in diameter and 50 millimetres long. The reverse shall bear, in relief, the design of the official badge of the South West African Police.

(b) The medal shall be suspended from a silk ribbon divided in vertical stripes of green, silver, orange, silver, green, silver, orange, silver, green, in that sequence and 5, 3, 3, 3, 8, 3, 3, 3 and 5 millimetres, respectively, wide. The silk ribbon shall be attached to the medal by means of a silver stirrup with a circular attachment.

(c) The bar shall be silvered, 36 millimetres long and 6,25 millimetres wide, embossed in the centre with a Welwitschia plant.

(d) The clasp shall be silvered and in the shape of a Welwitschia plant.

millimeter. Binne die sirkel kom 'n twee-en-twintigpuntige vergulde ster geset in blou emalje. Die voorkant is versier met 'n reliëfontwerp van die "Ouden Bogenfels" omsirkel met 'n krans van kokerboomblare. Op die keersy verskyn, in reliëf, die ontwerp van die amptelike kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie met die woorde *"STELLA OFFICII OPTIMI"*, as omskrif.

(b) Die dekorasie hang aan 'n sylint verdeel in vertikale strepe van blou, wit, blou, goud, blou, wit, blou in daardie volgorde en, onderskeidelik, 6.5, 4, 6.5, 2, 6.5, 4 en 6.5 millimeter breed. Die sylint is aan die dekorasie geheg deur 'n vergulde kettingskakel.

(c) Die balk is verguld, 36 millimeter lank en 6,25 millimeter breed, met in die middel daarvan 'n twee-en-twintigpuntige ster gebosseleer.

(d) Die gespe is verguld en in die vorm van 'n twee-en-twintigpuntige ster.

3. Op die keersy van voormelde dekorasies en balke in verband daarmee word die magnommer, rang en naam van die persoon aan wie dit toegeken is, gestempel.

B. MEDALJES EN LINTE, BALKE EN GESPES IN VERBAND DAARMEE

1. (a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens" is versilwer en word omlyn deur 'n gestilleerde welwitschia.

Aan die binnekant van die medalje kom die reliëf van 'n welwitschia in die voorgrond voor met sandduine in die agtergrond wat begrens word deur sonstrale in skuinsvlakke uitgekeep tot teen die sandduine in die agtergrond. Die medalje is 37,5 millimeter in deursnee en 50 millimeter lank. Op die keersy verskyn, in reliëf, die ontwerp van die amptelike kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.

(b) Die medalje hang aan 'n sylint verdeel in vertikale strepe van groen, silwer, oranje, silwer, groen, silwer, oranje, silwer, groen in daardie volgorde en, onderskeidelik, 5, 3, 3, 3, 8, 3, 3, 3 en 5 millimeter breed. Die sylint is aan die medalje geheg deur 'n silwer stibeuel met 'n sirkelvormige aanhegting.

(c) Die balk is versilwer, 36 millimeter lank en 6,25 millimeter breed, met in die middel daarvan 'n welwitschiaplant gebosseleer.

(d) Die gespe is versilwer en in die vorm van 'n welwitschiaplant

2. (a) The "South West African Police Medal for Faithful Service" shall be of bronze, circular, with a diameter of 37,5 millimetres. Within the circle shall appear the relief of a Welwitschia in the foreground against sand dunes in the background bordered by sunbeams, diagonally cut to meet the sand dunes in the background. The reverse shall bear, in relief, the design of the official badge of the South West African Police.

(b) The medal shall be suspended from a silk ribbon divided in vertical stripes of brown, green, brown, green, brown, green, brown, green, brown, in that sequence and 3.5, 3.5, 3.5, 3.5, 8, 3.5, 3.5, 3.5 and 3.5 millimetres, respectively wide. The silk ribbon shall be attached to the medal by means of a bronce stirrup with a circular attachment.

3. (a) The "Medal for the Establisnment of the South West African Police" shall be in the form of a circular gilded star, 44 millimetres in diameter with eleven pillars of thirty-three stylised beams divided into equal quantities. The obverse shall be charged with a circle in blue enamel with eleven stylised aloes in green and red. The centrepiece shall consist of an image, in relief, of the needle rock with sunbeams, diagonally emerging from behind the rock to meet the circle. The reverse shall bear, in relief, the design of the official badge of the South West African Police.

(b) The medal shall be suspended from a silk ribbon divided in vertical stripes of orange, blue, orange, blue, orange, in that sequence and 7, 5, 12, 5 and 7 millimetres, respectively, wide. The silk ribbon shall be attached to the medal by means of a gilded stirrup.

4. On the reverse of the afore-mentioned medals and bars in connection therewith shall be stamped the Force number, rank and name of the person to whom it has been awarded.

By order of the Council of Ministers
Signed D. F. MUDGE
Chairman.....Windhoek, 11 November 1981

2. (a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens" is van brons, sirkelvormig met 'n deursnee van 37,5 millimeter. In die sirkel kom die reliëf van 'n welwitschia in die voorgrond voor met sandduine in die agtergrond wat begrens word deur sonstrale in skuinsvlakke, uitgekeep tot teen die sandduine in die agtergrond. Op die keersy verskyn, in reliëf, die ontwerp van die amptelike kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.

(b) Die medalje hang aan 'n sylint verdeel in vertikale strepe van bruin, groen, bruin, groen, bruin, groen, bruin, groen, bruin in daardie volgorde en, onderskeidelik, 3.5, 3.5, 3.5, 3.5, 8, 3.5, 3.5, 3.5 en 3.5 millimeter breed. Die sylint is aan die medalje geheg deur 'n brons stibeuel met 'n sirkelvormige aanhegting.

3. (a) Die "Medalje vir die Instelling van die Suidwes-Afrikaanse Polisie" is in die vorm van 'n sirkelvormige vergulde ster, 44 millimeter in deursnee met elf pilare van drie-en-dertig gestilleerde strale in gelykmatige hoeveelhede onderverdeel. Die voorkant is belaai met 'n sirkel van blou emalje met elf gestilleerde aalwyne in groen en rooi. Die kern bestaan uit 'n beeld, in reliëf, van die naaldrots met strale in skuinsvlakke wat agter die rots deurbreek tot teen die sirkel. Op die keersy verskyn, in reliëf, die ontwerp van die amptelike kenteken van die Suidwes-Afrikaanse Polisie.

(b) Die medalje hang aan 'n sylint verdeel in vertikale strepe van oranje, blou, oranje, blou, oranje in daardie volgorde en, onderskeidelik, 7, 5, 12, 5 en 7 millimeter breed. Die sylint is aan die medalje geheg deur 'n vergulde stibeuel.

4. Op die keersy van voormelde medaljes en balke in verband daarmee word die magnommer, rang en naam van die persoon aan wie dit toegeken is, gestempel.

Op las van die Ministersraad
Get. D. F. MUDGE
Voorsitter Windhoek, 10 November 1981

DEPARTMENT OF POLICE

No. AG. 156 1981

INSTITUTION OF DECORATIONS AND MEDALS FOR THE SOUTH WEST AFRICAN POLICE

It is hereby made known for general information that

DEPARTEMENT VAN POLISIE

No. AG. 156 1981

INSTELLING VAN DEKORASIES EN MEDALJES VIR DIE SUIDWES-AFRIKAANSE POLISIE

Daar word hierby vir algemene inligting bekend

the Administrator-General has, under section 22 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), instituted the decorations and medals, as well as the bars, clasps and ribbons in connection therewith, set out in the Schedule.

SCHEDULE

Decorations and ribbons, bars and clasps in connection therewith

1. (a) The "South West African Police Star for Outstanding Service", together with —

(i) a ribbon from which the decoration is suspended;

(ii) a bar which may be awarded in respect of the said decoration; and

(iii) a clasp which may be issued in respect of the said bar as an indication of the award of such bar.

(b) The "South West African Police Star for Distinguished Service", together with —

(i) a ribbon from which the decoration is suspended;

(ii) a bar which may be awarded in respect of the said decoration; and

(iii) a clasp which may be issued in respect of the said bar as an indication of the award of such bar.

Medals and ribbons, bars and clasps in connection therewith

2. (a) The "South West African Police Star for Faithful Service", together with —

(i) a ribbon from which the medal is suspended;

(ii) a bar which may be awarded in respect of the said medal; and

(iii) a clasp which may be issued in respect of the said bar as an indication of the award of such bar.

(b) The "South West African Police Medal for Faithful Service", together with a ribbon from which the medal is suspended.

(c) The "Medal for the Establishment of the South West African Police", together with a ribbon from which the medal is suspended.

D.J. HOUGH
Administrator-General 3 November 1981

gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), die dekorasies en medaljes, asook die balke, gespes en linte in verband daarmee, uiteengesit in die Bylae ingestel het.

BYLAE

Dekorasies en linte, balke en gespes in verband daarmee

1. (a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Uitmuntende Diens", tesame met —

(i) 'n lint waaraan die dekorasie hang;

(ii) 'n balk wat ten opsigte van genoemde dekorasie toegeken kan word; en

(iii) 'n gespe wat ten opsigte van genoemde balk uitgereik kan word as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

(b) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Voortreflike Diens", tesame met —

(i) 'n lint waaraan die dekorasie hang;

(ii) 'n balk wat ten opsigte van genoemde dekorasie toegeken kan word; en

(iii) 'n gespe wat ten opsigte van genoemde balk uitgereik kan word as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

Medaljes en linte, balke en gespes in verband daarmee

2. (a) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiester vir Troue Diens", tesame met —

(i) 'n lint waaraan die medalje hang;

(ii) 'n balk wat ten opsigte van genoemde medalje toegeken kan word; en

(iii) 'n gespe wat ten opsigte van genoemde balk uitgereik kan word as aanduiding van die toekenning van sodanige balk.

(b) Die "Suidwes-Afrikaanse Polisiemedalje vir Troue Diens", tesame met 'n lint waaraan die medalje hang.

(c) Die "Medalje vir die Instelling van die Suidwes-Afrikaanse Polisie", tesame met 'n lint waaraan die medalje hang.

D.J. HOUGH
Administrateur-generaal 3 November 1981